Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 22 Nov 2017
Page: 6

AVE: 17514.98
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

Sport

# Dié sport bied veel meer as bikini's

Wilhelm de Swardt

Vra enige man wat sy gunsteling-vrouesport is en die antwoord sal waarskynlik strandvlugbal wees.

Daar is glo niks meer opwindend as om vroue in klein bikini's op wit seesand te sien rondduik agter 'n bal aan nie.

Maar anders as wat baie wil glo, is strandvlugbal meer as net 'n "sexy" sport.

Vanessa Sardina-da Silva wat saam met Jaime-Lee Wentzel (Tuks) vanjaar Universiteitesport Suid-Afrika (Ussa) se strandvlugbaltoernooi vir vroue gewen het, sê sy is mal oor die strategiese aspek van die sport.

Dit is beslis nie net 'n geval van duik, slaan en hoop nie.

"Enigiemand kan strandvlugbal speel, maar as jy werklik mededingend wil wees, moet jy jouself diep in die rooi druk. Ek praat nie net van fisies nie.

"Jy moet die hele tyd dink terwyl jy speel. Omdat alles so vinnig gebeur, moet jy binne sekondes die spel kan lees en besluit.

Strandvlugbal kom dus daarop neer om die gaping te sien en die gaping dan te speel.

"Kommunikasie tussen jou en jou spanmaat is van kardinale belang. As jy vir die bal kyk, kan jy nie altyd sien waar jou teenstanders aan die anderkant van die net is nie, maar jou spanmaat kan.

"Sy sal dan uitroep waarheen jy die bal moet speel om die ander span onder druk te plaas.

"Lengte is belangrik in strandvlugbal. Internasionaal is die vrouespelers tussen 1,8 m en 1,9 m lank. By Tuks is ons aan die kort kant – dit beteken ons moet slim speel as ons wil wen."

Wentzel noem dat fiksheid belangrik is, want dit kan uitputtend raak om op los sand 'n bal te jaag op 'n baan wat 8 m by 8 m groot is.

Tuks se vroue is beslis een van die voorste vroueklubspanne in die land.

Tuks het die Ussa-toernooi oorheers. Sardina-da Silva en Wentzel het Shannon de Vries en Dominique Gachet (albei ook Tukkies) in die eindronde geklop.

Die afgelope twee jaar het Tuks twee keer tot die eindronde van die Varsity-toernooi deurgedring.

Dina Kladis (Tuks se afrigter) maak dit duidelik dat die sukses nie oornag gebeur het nie.

"Ons pluk nou die vrugte van die afgelope vier jaar se beplanning. Daar is hard daaraan gewerk om 'n ordentlike struktuur te vestig om spelers te identifiseer. Ons glo in 'n beginsel van krag teen krag.

So daar is 'n beginnergroep. Wanneer 'n speler verbeter, skuif sy op na die volgende groep.

"Ek het eintlik aanvanklik binnenshuise vlugbal afgerig, maar dit verskil baie van strandvlugbal. Daarom het ek vir Vita Nel wat Suid-Afrika op die 2008-Olimpiese Spele in Beijing verteenwoordig het, gevra om die spelers met die fynere kunsies van die spel te help.

"Haar kundigheid maak 'n groot verskil."




**Die Tuks-strandvlugbal span wat aanstaande week aan die Varsity-strandvlugbaltoernooi in Durban gaan deelneem is van links: Vanessa Sardinha-da Silva, Jaime-Lee Wentzel, Dina Kladis (afrigter), Khutso Letsoala en Shannon de Vries.** Foto: REG CALDECOTT

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.